higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 4

(3011004)

26 November 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye, 1 addendum en 1 antwoordblad.

110Q2N2026

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Beantwoord AFDELING A op die aangehegte ANTWOORDBLAD.
4. Gebruik geskikte sagteware vir AFDELING B en AFDELING C.
5. Gebruik twee aparte stelle boeke vir AFDELING B en AFDELING C.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Gebruik die tabel hier onder om te beplan hoeveel tyd jy aan elke vraag kan spandeer.

VRAE	TOPIC	PUNTE	AANBEVOLE TYD
AFDELING A			
1	Kort teoretiese vrae	20	20 minute
AFDELING B			
2	Prakties oor rekeningkundige sagteware ('accounting software')	120	1 uur 40 minute
AFDELING C			
3	Prakties oor rekeningkundige sagteware	60	1 uur
	TOTAAL	**200**	**3 uur**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Die inskrywing van aanvangsbalanse van beskikbare voorraad	A	14%
1.1.2	Dokument wat vir die eienaar van die onderneming 'n uiteensetting gee van die uitstaande bedrae van kliënte en verskaffers	B	inset-BTW
1.1.3	Persentasie BTW wat tans gehef word op die aankoop van goedere en dienste	C	VAT401
1.1.4	BTW wat verkopers betaal op goedere wat hulle aankoop	D	voorraadjoernaal
1.1.5	Dokument wat gebruik word vir die verwerking van voorraad wat op krediet verkoop word	E	belastingfaktuur
1.1.6	Verwerking van kwitansies en betalings in die rekeningkundige sagteware	F	ouderdomsanalise
1.1.7	Verwysing wat gebruik word tydens die verwerking van die Kontantontvangste-joernaal	G	kasboek
1.1.8	Vorm vir indiening van 'n BTW-opgaaf by die SAID	H	depositonommer
1.1.9	Bymekaarpas van die onderneming se rekeningkundige rekords en inligting op die bankstaat	I	VAT201
1.1.10	Joernaal waarin waardevermindering ingeskryf word	J	15%
		K	bankrekonsiliasie
		L	algemene joernaal
		M	uitset-BTW

(10 × 1) (10)

1.2 Verduidelik waarom BTW nie in ag geneem word wanneer 'n kwitansie uitgereik word aan 'n kliënt wat 'n rekening betaal nie. (2)

1.3 Noem EEN voordeel van die gebruik van rekeningkundige sagteware. (2)

1.4 Gebruik die inligting hier onder om die vrae te beantwoord.

	UITSETBELASTING		INSETBELASTING	
	BELASTING	**INKLUSIEF**	**BELASTING**	**INKLUSIEF**
Standaard	-8 756.55	-67 133.55	6 210.00	47 610.00
Slegte skuld	0.00	0.00	948.00	7 268.00

1.4.1 Bereken die BTW betaalbaar aan die Ontvanger van Inkomste (SAID/'SARS') of terugbetaalbaar. Toon alle berekeninge. (4)

1.4.2 Is bedrag wat jy in VRAAG 1.4.1 bereken het betaalbaar aan die SAID of terugbetaalbaar? (1)

1.4.3 Waarvoor staan die afkorting BTW? (1)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

INSTRUKSIES

1. Maak die rekeningstelsel van Balls and All (BALLS) wat reeds op jou rekenaar gelaai is oop.
2. Selekteer SETUP.
3. Selekteer COMPANY PARAMETERS.
4. Selekteer COMPANY DETAIL. Selekteer die afdeling vir COMPANY NAME en klik op EDUCATIONAL NUMBER.
5. Druk CRTL + SHIFT + T en tik jou EKSAMENNOMMER in die blok wat verskyn.

Jy was vir 'n onderhoud vir die rekenmeesterspos by Balls and All. Die eienaar, mnr. Jack King, skakel en stel jou in kennis dat jy die suksesvolle kandidaat is.

'n Deel van jou posbeskrywing is om al die transaksies op die rekeningkundige sagteware van Maart 2018 (Periode 1) af te verwerk.

Die volgende opstelling IS REEDS in die boeke van Balls and All GESKEP.

(a) INSKRYWINGSTIPES

NOMMER	INSKRYWINGSTIPE
01	Kontantontvangstejoernaal ('Cash Receipts Journal')
02	Kontantbetalingsjoernaal ('Cash Payments Journal')
03	Kleinkasontvangstejoernaal ('Petty Cash Receipts')
04	Kleinkasbetalingsjoernaal ('Petty Cash Payments')
05	Algemene joernaal ('General Journal')
06	Kliëntejoernaal ('Customers Journal')
07	Verskaffersjoernaal ('Suppliers Journal')
08	Kliëntevoorsieningsjoernaal ('Customers Allowances Journal')
09	Verskaffersvoorsieningsjoernaal ('Suppliers Allowances Journal')
10	Joernaal vir slegte skuld ('Bad Debts Journal')
11	Joernaal vir rente gehef ('Interest-Charged Journal')
12	Voorraadjoernaal ('Stock Journal')

(b) PERIODE 

Balls and All se finansiële jaar begin op 1 Maart 2018 en eindig op 28 Februarie 2019. Die lopende periode ('current period') is Maart 2018; dit is die 1ste periode.

(c) BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

Die onderneming is as 'n BTW-ondernemer geregistreer en BTW word volgens fakture ingeskryf ('faktuur basis'). Raadpleeg die aangehegte ADDENDUM rakende die toelaatbare aftrekkings op INSETBELASTING.

(d) KLIËNTE

KLIËNT SE KODE	KLIËNT
C001	ERM Sports Club
C002	Highveld Cricket Academy
Z99	Kontantverkope

(e) VERSKAFFERS 

VERSKAFFER SE KODE	VERSKAFFER
B001	Bellingham & Smith
G002	Gilbert Suppliers
N003	Nikel Bros

Kopiereg voorbehou

(f) VOORRAAD

Die kosprys van voorraad ('inventory') word met **75%** verhoog ('marked up').

VOORRAADKODE	VOORRAAD-ITEM
BS1	Bellingham & Smith krieketbal 113 g
BS2	Bellingham & Smith krieketbal 135 g
BS3	Bellingham & Smith krieketbal 156 g
GB1	Gilbert 7's Replica rugbybal
GB2	Gilbert GRTR 4000 rugbybal
GB3	Gilbert Spectra netbalbal
HS1	Headstart krieketbal en koord
SC1	N-Strike PL sokkerbal
SC2	N-Magia sokkerbal
SC3	N-Match junior sokkerhandskoene
WS1	Wilson NFL mini American football

(g) TERMEKODES 

- 5% afslag ('discount') binne 30 dae van die laaste dag van die periode.
- 15% afslag binne 7 dae van die laaste dag van die periode.
- 2.5% afslag binne 60 dae van die laaste dag van die periode.

(h) AANVANGSALDO'S ('TAKE-ON BALANCES')

Die kliënte se openingsaldo's is nie vasgelê nie.

GEVRA

- Gebruik die onderstaande brondokumente en inligting om die transaksies in die toepaslike joernale of dokumente in periode 1 (Maart 2018) in Balls and All se boeke in te skryf.

- Gebruik die rekeningstruktuur wat vir die Algemene Grootboek opgestel is. As daar GEEN rekening is om 'n transaksie in op te skryf nie, skep die nodige rekening.

- Druk al die dokumente uit na verwerking. Kies 'print with contras' wanneer jy joernale druk.

- Werk al die dokumente en joernale by ('update') nadat jy dit gedruk het. 

- Raadpleeg bladsy 16 vir 'n volledige lys van die drukstukke wat jy moet indien. Lewer die drukstukke in in dieselfde volgorde as op bladsy 16. VYF punte word afgetrek indien die drukstukke nie in dieselfde volgorde ingedien word as op die lys in die vraestel nie.

Kopiereg voorbehou

AANVANGSALDO'S

- Die klante se beginsaldo's is nie ingeskryf ('captured') nie.
- Gebruik die ouderdomsanalise van kliënte ('Customer Age Analysis') hier onder en skryf die kliënte se saldo's in die gepaste joernaal in.
- Druk 'n ouderdomsanalise van kliënte op 28 Februarie 2018 met beskrywings maar geen detail nie.

OUDERDOMSANALISE VAN KLIËNTE OP 28 FEBRUARIE 2018

Kliënt	60 dae	30 dae	Lopend ('current')	Totaal
ERM Sports Club	R7 450.00		R11 400.00	R18 850.00
Highveld Cricket Academy		R1 330.00	R3 200.00	R4 530.00
	R7 450.00	**R1 330.00**	**R14 600.00**	**R23 380.00**

KREDIETAANKOPE VAN VOORRAAD

Belastingfkatuur

Bellingham & Smith

414 Sea Point Road, Bluff, DURBAN, 4036

Tel: 031 922 1800 / Fax: 086 651 1800 VAT REG: 4261583166

Invoice No: BS765

Date: 04/03/2018

Aan: Balls and All
Van Der Stellaan 32
ERMELO 2350

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidsprys	Bedrag
20	Bellingham & Smith krieketballe 113 g	R72.50	R1 450.00
25	Bellingham & Smith krieketballe 156 g	R99.00	R2 475.00
6	Gilbert Spectra netbalballe	R160.00	R 960.00
		Subtotaal	R4 885.00
		5% Afslag	R 244.25
			R4 640.75
		15% BTW	R 696.12
		Totaal	R5 336.87

Terms: 5% handelsafslag ('trade discount')
2.5% afslag binne 60 dae

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

Belastingfaktuur

NIKEL BROS

717 Umhlanga Rocks Drive, UMHLANGA ROCKS, 4319
Telefoon: 031 787 7841

Datum:	*11 Maart 2018*
Faktuur no.:	*NB11/18*
BTW registrasie no.:	*8192034478*
Terme	*2.5% afslag binne 60 dae*

Rekening aan:
Balls and All 32 Van Der Stel Avenue ERMELO 2350

Aantal	***Beskrywing***	***Prys***		***Bedrag***	
		R	*c*	*R*	*c*
10	B & S Striker krieketkolwe Grootte 0	149	90	1 499	00
5	B & S Striker krieketkolwe Grootte 4	2 899	90	14 499	50
			Subtotaal	15 998	50
			7.5% Afslag	1 199	88
				14 798	62
			15% BTW	2 219	80
			Totaal	17 018	42

Mnr. King besluit om krieketkolwe aan te koop.

- Skep die bostaande voorraaditems met die volgende inligting:

  Kode: BS4 B & S Striker krieketkolwe Grootte 0
  Kode: BS5 B & S Striker krieketkolwe Grootte 4



Kopiereg voorbehou

324 Main Road
DURBAN
4000
☎ 031 976 7960 *🖷 031 976 7900*



SUPER SOCCER

Belastingfaktuur

BTW REG: 90876531142
Faktuur No: SC875

Datum: 23/03/2018

Aan: Balls and All
Van Der Stellaan 32
ERMELO 2350

Aantal	*Beskrywing*	*Prys*	*Bedrag*
50	*N-Strike PL sokkerballe*	*217.00*	*10 850.00*
25	*N-Match junior sokkerhandskoene*	*175.00*	*4 375.00*
10	*N-Magia sokkerballe*	*514.50*	*5 145.00*
		Subtotaal	*20 370.00*
		10% Afslag	*2 037.00*
			18 333.00
		15% BTW	*2 749.96*
		Totaal	*21 082.95*

Mnr. King besluit om 'n nuwe verskaffer te gebruik.



- Maak gebruik van die rekeningstruktuur wat reeds geskep is en skep die verskaffer.

TERUGSENDING VAN VOORRAAD WAT OP KREDIET GEKOOP IS

Datum	Verskaffer	Detail
27/03/2018	Super Soccer	2 N-Match junior sokkerhandskoene – Verkeerde grootte
30/03/2018	Bellingham & Smith	5 Bellingham & Smith krieketballe 156 g – Swak gehalte

Kopiereg voorbehou

KONTANT- EN KREDIET-VERKOPE



- Z99 is die rekening waarin kontantverkope ingeskryf word.
- Voer die name en adresse van alle kontant kliënte in die veld vir ‘delivery address’in.
- Alle kontantkliënte kry 5**%** afslag op kontantaankope.

Datum	Kliënt	Item gekoop	Afslag en terme vir vroeë betaling
07/03/18	Highveld Cricket Academy	5 x Bellingham & Smith krieketballe 135 g 2 x Headstart krieketballe en koorde	15% afslag binne 7 dae
17/03/18	***Nuwe Kliënt*** Sport Support 34 Highveld Road ERMELO 2350	2 x Gilbert 7's Replica rugbyballe 1 x Gilbert Spectra netbalbal 5 x N-Strike PL sokkerballe	5% afslag op faktuur 2.5% afslag binne 60 dae
29/03/18	Kontantverkope Brendon Botes 12 Mel Mentz Street ERMELO 2350	2 x Wilson NFL mini American footballs	
29/03/18	ERM Sports Club	5 x B & S Striker krieketkolwe Grootte 0 2 x B & S Striker krieketkolwe Grootte 4 5 x Bellingham & Smith krieketballe 113 g 2 x Bellingham & Smith krieketballe 156 g	5% afslag binne 30 dae 2.5% handelsafslag

*Gebruik die rekeningstruktuur wat reeds bestaan en skep die kliënt.

TERUGSENDING VAN VOORRAAD WAT OP KREDIET VERKOOP IS



Datum	Kliënt	Detail
13/03/2018	Highveld Cricket Academy	2 x Bellingham & Smith krieketballe 135 g – Verkeerde grootte ontvang
30/03/2018	Sport Support	1 x N-Strike PL sokkerbal – lek

Kopiereg voorbehou

KASREGISTERROLLE



29/03/2018

CRR01
R458,85

KONTANT ONTVANG

BALLS and ALL
32 Van Der Stel Avenue
ERMELO 2350



Nommer: 061
Datum: 01/03/18

Kontant ontvang		
Ontvang van:	*Q de Kok*	
Vir:	*Februarie 2018 huur*	
Bedrag:	*Vier duisend agt honderd rand alleen*	*R 4 800.00*
Betaalmetode:		*Met dank:*
☑ Tjek ☐ Kontant ☐ Debiet-/Kredietkaart		*Jack King*

- Skep 'n rekening vir huurinkomste.

BALLS and ALL
32 Van Der Stel Avenue
ERMELO 2350



Nommer: 062
Datum: 13/03/18

Kontant ontvang		
Ontvang van:	*Jack King*	
Vir:	*Kapitaalbydrae ('Capital contribution')*	
Bedrag:	*Dertig duisend rand alleen*	*R30 000.00*
Betaalmetode:		*Met dank:*
☑ Tjek ☐ Kontant ☐ Debiet-/Kredietkaart		*Jack King*

Kopiereg voorbehou

BALLS and ALL 32 Van Der Stel Avenue ERMELO 2350 *Nommer: 063* *Datum: 14/03/18*		
Kontant ontvang		
Ontvang van:	*Sporttoerusting*	
Vir:	*Kommissie ontvang*	
Bedrag:	*Agt duisend rand alleen*	*R8 000.00*
Betaalmetode:		*Met dank:*
☐ Tjek ☐ Kontant ☑ Debiet-/Kredietkaart		*Jack King*

- *Verander die beskrywing van rekening nommer 2900 na COMMISSION INCOME.*

BALLS and ALL 32 Van Der Stel Avenue ERMELO 2350 *Nommer: 064* *Datum: 23/03/18*		
Kontant ontvang		
Ontvang van:	*ERM Sports Club*	
Vir:	*Vereffening van rekening op 01/03/2018*	
Bedrag:	*Agtien duisend rand alleen*	*R18 000.00*
Betaalmetode:		*Met dank:*
☑ Tjek ☐ Kontant ☐ Debiet-/Kredietkaart		*Jack King*

Kopiereg voorbehou

BALLS and ALL
32 Van Der Stel Avenue
ERMELO 2350



Nommer: 065
Datum: 30/03/18

Kontant ontvang

Ontvang van:	*Sport Support*	
Vir:	*Betaling op rekening*	
Bedrag:	*Drie duisend vyf honderd rand alleen*	*R3 500.00*
Betaalmetode:		*Met dank:*
☐ Tjek ☐ Kontant ☑ Debiet-/Kredietkaart		*Jack King*

KONTANTDEPOSITO'S

Datum van deposito	Depositostrokie se nommer
01/03/2018	DEP16
16/03/2018	DEP17
27/03/2018	DEP18
30/03/2018	DEP19

KONTANTBETALINGS

054

Datum: 01/03/2018

Nemer ('Payee'): Pink Pens

Vir: Penne en lêers

Bedrag: R1 220.00

055

Datum: 13/03/2018

Nemer: Daily News

Vir: Volkleur advertensie van nuwe voorraad

Bedrag: R1 000.00

056

Datum: 14/03/2018

Nemer: Kontant

Vir: Weeklikse lone

Bedrag: R1 500.00

Kopiereg voorbehou

057

Datum: 18/03/2018

Nemer: Mr Office

Vir: Nuwe houtrakke

Bedrag: R12 230.00

058

Datum: 21/03/2018

Nemer: Nike Bros

Vir: Vereffening van faktuur NB11/18

Bedrag: R???

059

Datum: 24/03/2018

Nemer: Ermelo Munisipaliteit

Vir: Elektrisiteit en water (Eienaar R1 200.00)

Bedrag: R6 000.00

060

Datum: 26/03/2018

Nemer: Super Soccer

Vir: Betaling op rekening
(Afslag ontvang R50.00)

Bedrag: R9 000.00

061

Datum: 30/03/2018

Nemer: Kontant

Vir: Kleinkas **('**Petty cash') – herstel voorskot-bedrag

Bedrag: R???

KLEINKAS

Nommer: PCV14

Datum: 10/03/18



BALLS and ALL

32 Van Der Stel Avenue
ERMELO 2350

Kleinkasbewysstuk

Vir: *Jacobs-koffie 500 g en Glen-teesakkies (100 sakkies) – Checkers Hyper*

Bedrag: *R179.98*

Goedgekeur deur: *Jack King*

- Skep 'n rekening vir verversings

Kopiereg voorbehou

Nommer: PCV15

Datum: 19/03/18



BALLS and ALL

32 Van Der Stel Avenue
ERMELO 2350

Kleinkasbewysstuk

Vir: *Spoedsak vir oornag aflewering – Postnet*

Bedrag: *R125.00*

Goedgekeur deur: *Jack King*

Nommer: PCV16

Datum: 22/03/18



BALLS and ALL

32 Van Der Stel Avenue
ERMELO 2350

Kleinkasbewysstuk

Vir: *Skoonmaak van winkelvensters – Jacob*

Bedrag: *R150.00*

Goedgekeur deur: *Jack King*

VERSLAE

- Druk 'n staat vir ERM Sports op 31 Maart 2018.

Kopiereg voorbehou

DIE VOLGENDE DRUKSTUKKE MOET INGEDIEN WORD VIR NASIEN:

2.1	Kliënte Ouderdomsanalise op 28 Februarie 2018	(9)
2.2	Verskaffers se fakture	(25)
2.3	Terugstuurnotas en debietnotas	(10)
2.4	Belastingfakture 	(27)
2.5	Kredietnotas	(10)
2.6	Kontantontvangstejoernaal ('Cash Receipts Journal')	(14)
2.7	Kontantbetalingsjoernaal ('Cash Payments Journal')	(16)
2.8	Kleinkasjoernaal ('Petty Cash Journal')	(5)
2.9	ERM Sports Club se staat ('statement')	(4)
		[120]

TOTAAL AFDELING B: 120

AFDELING C

VRAAG 3

INSTRUKSIES

1. Die rekeningstelsel van Health and Fitness (HEALTH) is reeds op jou rekenaar gelaai. Maak dit oop.
2. Selekteer SETUP.
3. Selekteer COMPANY PARAMETERS. 
4. Selekteer COMPANY DETAILS, selekteer die afdeling vir COMPANY NAME en klik op 'Educational Number'.
5. Druk CRTL + SHIFT + T en tik jou EKSAMENNOMMER in die blok wat verskyn.

GEVRA

- Health and Fitness doen die bankrekonsiliasie met die hand. Omdat jy so baie ervaring het van gerekenariseerde rekeningkundige stelsels besluit hulle jy moet dit met die rekeningkundige sagteware doen. Gebruik die onderstaande inligting om die volgende te voltooi vir Februarie 2019, periode 12.
- Gebruik die rekeningstruktuur wat vir die Algemene Grootboek opgestel is. As daar GEEN rekening is om 'n transaksie in op te skryf nie, skep die nodige rekening.
- Druk al die dokumente uit na verwerking. Kies 'print with contras' wanneer jy joernale druk.
- Werk al die joernale by ('update').

Raadpleeg bladsy 19 vir 'n volledige lys van die drukstukke wat jy moet indien. Handig die drukstukke in in dieselfde volgorde as op bladsy 19. Lewer die drukstukke in in dieselfde volgorde as op bladsy 19. VYF punte word afgetrek indien die drukstukke nie in dieselfde volgorde ingedien word as op die lys in die vraestel nie.

3.1 Gebruik die onderstaande inligting om die volgende te doen:


3.1.1 Voltooi en druk die 'Cash Receipts Journal' met die addisionele inskrywings (na die bankrekonsiliasie). (8)

3.1.2 Voltooi en druk die 'Cash Payments Journal' met die addisionele inskrywings (na die bankrekonsiliasie). (16)

3.1.3 Volg die rekonsiliasieproses en druk die 'Bank Reconciliation Statement'. (8)

BANKSTAAT

GLOBAL BANK



251 Eeufees Street, ERMELO, 2350
☎ 017 811 2211 🖷 017 819 2222

Tjekrekening: 0905682502

Bladsy 1

Bankstaat No: 01

Datum: *28/02/2019*

Health and Fitness
6 Juliana Road
ERMELO
2350

Datum	*Detail*	*Debiet(-)*	*Krediet(+)*	*Saldo*
01/02/2019	Saldo b/f			95 301.50
09/02/2019	Deposito D45		120 000.00	215 301.50
09/02/2019	Kontanthanteringsfooi	124.50		215 177.00
10/02/2019	Tjek 146	8 300.90		206 876.10
10/02/2019	Deposito D46		11 224.65	218 100.75
15/02/2019	Tjek 143	14 200.00		203 900.75
15/02/2019	Deposito D47		17 400.00	221 300.75
15/02/2019	Kontanthanteringsfooi	131.20		221 169.55
17/02/2019	Tjek 148	1 900.00		219 269.55
17/02/2019	Maandelikse adminfooi	210.00		219 059.55
22/02/2019	EFT33	21 300.00		197 759.55
25/02/2019	Deposito D48		9 400.00	207 159.55
28/02/2019	Tjek 142	4 200.00		202 959.55
28/02/2019	INT		410.00	203 369.55
28/02/2019	Tjek 144	11 380.00		191 989.55
28/02/2019	DEP65		14 200.00	206 189.55
28/02/2019	Tjek 149	6 800.00		199 389.55

- Skep 'n rekening vir bankfooie (3200/000), identifiseer al die bankfooie en skryf dit in.
- Op 22/02/19 is 'n bedrag elektronies aan JP Prokureurs betaal as konsultasiefooi vir 'n kontrak wat hulle moet opstel. By hierdie betaling is 'n bedrag van R9 300.00 vir die eienaar se persoonlike rekening by JP Prokureurs ingesluit.
- Skep 'n rekening vir rente op 'n lopende rekening en skryf die rente ontvang (INT) op 28/02/2019 in.
- Die direkte deposito, DEP65, is 'n bedrag wat van Fitness Planet ontvang is vir 'n betaling op hulle rekening.

3.2 Die volgende joernaalbewysstukke is uitgereik aan die einde van Februarie 2019. Skryf die transaksies in die gepaste joernale in.

HEALTH AND FITNESS	***JOURNAALBEWYSSTUK 22*** *Datum: 28 Februarie 2019* *Aan: Die boekhouer* *By die aankoop van skryfbehoeftes op 15/02/2019 is opleidingsmateriaal vir personeel ter waarde van R270,00 ingesluit. Stel die fout reg.*

(7)

HEALTH AND FITNESS	***JOURNAALBEWYSSTUK 23*** *Datum: 28 Februarie 2019* *Aan: Die boekhouer* *Bereken die depresiasie op toerusting teen 12% per jaar op kosprys (R115 400.00) vir Februarie en skryf dit in.* *(Toon die berekening in die kolom vir beskrywings.)*

(7)

HEALTH AND FITNESS	***JOURNAL VOUCHER 24*** *Datum: 28 February 2019* *Aan: Die boekhouer* *'n Kliënt, Fitness Planet, is insolvent verklaar en 'n bedrag van R7 340.00 moet as oninbaar afgeskryf word.*

(8)

3.3 ADDISIONELE DRUKSTUKKE WAT VEREIS WORD

Druk die inkomstetaat ('Income Statement') vir Februarie 2019. Druk sonder sero-items en moenie die vergelyking met die begroting wys nie. (6)

DRUKSTUKKE WAT VIR NASIEN INGEDIEN MOET WORD (in hierdie volgorde):

- 'Cash Receipts Journal' (na bankrekonsiliasie)
- 'Cash Payments Journal' (na bankrekonsiliasie)
- Bankrekonsiliasie
- Joernale waarin aansuiwerings ('adjustments') ingeskryf is
- Inkomstetaat **[60]**

TOTAAL AFDELING C: 60
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM

TOELATBARE AFTREKKINGS OP INSETBELASTING

	Is BTW gehef?		Is inset-BTW aftrekbaar?	
	JA	**NEE**	**JA**	**NEE**
Advertensies	X		X	
Bankkoste: Adminfooi Kontanthanteringsfooi	 X X		 X X	
Slegte skuld/Skuld verhaal	X		X	
Kommissie ontvang	X		X	
Konsultasiefooi	X		X	
Verbruiksware	X		X	
Depresiasie		X		
Donasies		X		
Trekkings		X		
Elektrisiteit en water	X		X	
Algemene uitgawes: Geskenke	X		X	
Versekering	X		X	
Rente betaal/ontvang		X		
Rente op huidige inkomste		X		
Beleggings		X		
Rekenaartoerusting	X		X	
Meubels	X		X	
Petrol en olie		X		
Drukwerk en skryfbehoeftes	X		X	
Munisipale belastings ('rates & taxes')		X		
Verversings	X			X
Huur betaal/ontvang	X		X	
Salarisse en lone		X		
Telefoon en faks	X		X	

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | | | |

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 _____

1.1.2 _____

1.1.3 _____

1.1.4 _____

1.1.5 _____

1.1.6 _____

1.1.7 _____

1.1.8 _____

1.1.9 _____

1.1.10 _____

(10 × 1) (10)

1.2 _____

_____ (2)

1.3 _____

_____ (2)

1.4 1.4.1 _____

_____ (4)

1.4.2 _____ (1)

1.4.3 _____ (1)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

Kopiereg voorbehou